Redaksioneel

As blad van die Gereformeerde Teologiese Vereniging is *In die Skriflig* nie die blad van ’n bepaalde teologiese opleiding of universiteit nie. Tog bestaan daar ’n noue band met die Teologiese Skool Potchefstroom en die Fakulteit Teologie op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Laasgenoemde bestaan uit twee skole, naamlik die Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale, asook die Skool vir Kerkwetenskappe. Artikels wat in hierdie uitgawe verskyn, verteenwoordig om die helfte die breë studieterrein wat die twee onderskeie skole dek:

Vier artikels vanuit die **Bybelwetenskappe** is in hierdie uitgawe opgeneem. Al vier fokus op ’n besondere manier op Hebreeus en die Hebreeuse Ou Testament:

- **Pieter Baaij** van België bou voort op navorsing wat hy met betrekking tot die vertaling en eksegese van die Romeine-brief gedoen het (p. 239). Hy toon aan dat die Griekse teks van Romeine teen die agtergrond van Ou-Testamentiese Hebreeus gelees moet word. Paulus het sy teks aanvanklik in Hebreeus gekonseptualiseer, voordat dit noukeurig in Grieks neergeskryf is.
- **Paul Styger** en **Dirk Human**, albei navorsers van die Universiteit Pretoria, benader die Ou-Testamentiese Psalms as gebede (p. 255). Hulle pas hierdie insig toe op die Christelike liturgie deur ’n pleidooi te lewer dat die sing van ’n psalm in die erediens ’n openbare, maar persoonlike gesprek met God is. In die vorige uitgawe van *In die Skriflig*, 2005(1), was Styger en Human medeouteurs van ’n artikel wat ook oor die Psalms gehandel het.
- **Jaap Helberg** se artikel (p. 273) bied ’n waardevolle aanvulling by die artikel van Styger en Human. Die Psalms word benader as belewing onder heerskappy van die Tora (Wet/Woord) as enigste norm. In dié opsig is die Psalms méér as gebede. Dit blyk duidelik uit die eerste twee Psalms wat in die onderhawige artikel as inleiding tot die Psalmbundel benader word. Die Tora van die Here het ’n alleroorheersende plek in die spiritualiteit wat in die Psalmbundel weerspieël word.
- **Marius Nel** besin in ’n populêr-wetenskaplike (Fokus-)artikel oor homoseksualiteit in die Ou Testament (p. 365). Nadat Ou-Testamentiese verwysings na homoseksualiteit bespreek is, kom hy tot

die gevolgtrekking dat dié Skrifplekke relevant en geldig is vir moderne Christengelowiges.

Vier **Kerkwetenskap**-artikels verskyn ook in hierdie uitgawe:

- Die eerste artikel raak die vakgebied Liturgiek. **Cassie Venter** (p. 217) besin oor ’n baie belangrike aspek van prediking, naamlik transformasie. Prediking kan en moet verandering teweegbring. Die outeur benader sy onderwerp basis-teoreties, meta-teoreties en praktyk-teoreties. Hierdie artikel dien as waardevolle aanvulling by ’n artikel in die vorige uitgawe van *In die Skriflig,* 2005(1*),* waar dieselfde outeur uit die gesigshoek van Pastoraal gekyk het na verandering en groei by die mens wat in Christus vernuwe is.
- **Piet Strauss** (Universiteit van die Vrystaat) se artikel raak die vakgebied Kerkreg en Kerkregering (p. 293). In die artikel word die ontwikkeling van Artikel 30 van die Dordtse Kerkorde, asook die oorspronklike redaksie en latere interpretasie van hierdie artikel, nagegaan. Die outeur antwoord aan die hand van die kerkorde-artikel ’n vraag wat tans in Suid-Afrika aktueel is onder kerke van gereformeerde belydenis: “Watter sake hoort by meerdere vergaderings?”
- **Andries Raath**, ’n regsfilosoof van die Universiteit van die Vrystaat, het in die vorige uitgawe van *In die* Skriflig ’n artikel geskryf oor hoe die Italiaans-gebore kerkhervormer, Pieter Martyr Vermigli, die politieke owerheidsamp begrond het. In hierdie uitgawe (p. 311) gaan hy na hoe Vermigli by die Switserse Kerkhervormer, Heinrich Bullinger, aangesluit het in die formulering van ’n teorie van teo-politiese federalisme. Die onderwerp is sterk interdissiplinêr van aard. Dit raak onder andere Kerk- en Dogmageskiedenis, asook die resepsiegeskiedenis van die Ou Testament.
- **Bennie van der Walt** lewer ’n bydrae binne die breë veld van Missiologie, wanneer hy besin oor die wyse waarop die evangelie verkondig kan en behoort te word in die lig van godsdiens-verdraagsaamheid (p. 325). Dié artikel bou voort op ’n artikel in die vorige uitgawe van *In die Skriflig*. Godsdienste is nie gelykwaardig nie. Die Christelike godsdiens is uniek. Tog word verdraagsaamheid van die Christen vereis. In hierdie artikel word die problematiek teen die agtergrond van onder andere die historisme en pluralisme beskou.

Hierdie uitgawe van *In die Skriflig* bevat ook agt resensies oor boeke wat hoofsaaklik van populêr-teologiese aard is.

Paul Krüger
Redakteur: *In die Skriflig*